De Curatoren zouden U zeer verplicht zijn, indien U van de eerste gelegenheid gebruik wilde maken om hun te berichten, of er in uwe buurt of onder uwe jurisdictie overblijfselen te vinden zijn van steenen gebouwen (van gekapten of gehouwen steen), schilderingen of uitgebeitelde teekeningen op rotsen, steenen werktuigen, of andere overblijfselen van volken, die het land vroeger bewoond hebben.

Om verwarring en dwaling te vermijden, zou het wenschelijk zijn, de voorwerpen van verschillende stammen of locaties afkomstig zooveel mogelijk van elkaar afgezonderd te houden, en de namen van zoodanige stammen of locaties aan de voorwerpen zelve te hechten.

Eenige informatie of opmerkingen betreffende het materiaal, de wijze van bewerking en het gebruik der ingezonden voorwerpen zullen door de Curatoren op hoogen prijs worden gesteld, en beschouwd worden als gewaardeerde bijdragen tot de zeer gebrekkige kennis der naturellen-rassen in de Zuid-Afrikaansche Republiek.

De Curatoren zijn bereid de kosten te vergoeden van het vervoer der verzamelingen naar Pretoria, doch verzoeken U hun per post van de afzending kennis te geven.

Communicaties of toezendingen te adresseeren aan den „Secretaris van het Curatorium van het Staatsmuseum te Pretoria."

De Curatoren gevoelen de zeer groote waarde van uwe hulp in dit gedeelte van hun werk, en vertrouwen op uwe hartelijke medewerking in het tot stand brengen van eene inrichting, voor welke alle komende geslachten U dank verschuldigd zullen zijn.

Namens het Curatorium,

N. MANSVELT, Voorzitter.

---

**SUID-AFRIKAANSE PERMANENTE BOUGENOOTSKAP:** PERMANENT-GEBOU, PRETORIUSSTRAAT 200, PRETORIA.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# TOESPRAAK DEUR SKOOLINSPEKTEUR W. C. R. BÖHMER GEHOU BY GELEENTHEID VAN DIE OORHANDIGING VAN ONS GENOOTSKAP SE WISSEL-TROFEE VIR LAERSKOLE AAN PRETORIA-TUINESKOOL, IN DESEMBER 1958.

EK het die eer om vanaand op twee bene te staan. Aan die een kant word van my verwag om 'n paar woorde namens die departement te sê en aan die ander kant op te tree namens die vier persone wat die beoordeling van die dertien skooltuine waargeneem het. Die wonderlike tema wat gaan oor die skone blomme en struike verdien die taal van 'n digter. Daaraan kan ek egter nie voldoen nie en sal dit met my seker so gaan soos met die skoolseun aan wie ek nou dink. Ek moes 'n stel rekenkundeskrifte nasien en vind toe in een van die boekies 'n stukkie papier wat nie vir my oë bedoel was nie maar vir sy geliefde. Sy poging was die volgende:

Di's die blond,
di's die blou,
di's die oë van jou,
di's al.

Die volgende mag ek nie namens die Direkteur sê nie, en vra u om dit as my oortuiging aan te neem. Vir die tweede keer moes ek van hooggeplaasde here verneem, hierdie keer uit die mond van Sy Ekselensie die Goewerneur-Generaal, by geleentheid van die hoeksteenlegging van die skool wat sy naam dra, as sou ons in ons skole *kompetisie* wou uitskakel. Volgens my oortuiging is dit beslis nie die geval nie. Ons strewe daarna om 'n sterk kompetisie onder *gelykes* of naastenby gelykes te ontwikkel, maar probeer die kompetisie tussen 'n swakke en 'n sterke vermy. Die ouer garde waaronder 'n hele paar van ons ook behoort, het hoërskole besoek waarheen leerlinge gegaan het omdat dit hulle of hul ouers se vrye keuse was. Meeste van hulle was begaafde mense. Die kompetisie was derhalwe gesond.

Vandag egter word baie *gedwing* om skool te besoek. Die ongelyke kompetisie veroorsaak baie euwels en dit is hierdie onbillike kompetisie wat ons graag wil vermy. Maar hieroor later iets meer.

Die Genootskap Oud-Pretoria verdien lof vir die gedagte om skole aan te moedig om tuine op die skoolgronde te ontwikkel. Dit herinner my aan 'n ondervinding in my eerste inspeksiekring. My vrou en ek het aan die begin al die skole besoek om met die hoofde, onderwysers en leerlinge kennis te maak. By die een skool het ek by die eerste deur aangeklop. 'n Dame wat onnet gekleed was, het my gegroet. By die tweede deur was

**CROW APTEKERS:** OOGKUNDIGES, FOTOGRAFIESE HANDELAARS, h/v SENTRAAL- EN PRETORIUSSTRAAT, PRETORIA.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

dit 'n man met net 'n duim en een vinger aan sy regterhand. By die laaste deur het ek die hoof ontmoet. Hy was ook die enigste hoof wat my nie na my kar vergesel het nie. En die skooltuine? Hulle was net nie daar nie! Soos die bouers die veld daar aangetref het, net so was die gronde nog.

Ek het dikwels gewonder of die hoof-inspekteur met die deurlees van al my rapporte nie al moeg geword het vir 'n uitdrukking waarvoor ek baie lief is. Ek noem graag die grasperke en blombeddings wat 'n rustige atmosfeer skep. Daarom het ek daarvoor gesorg dat dit ék was wat die beoordelingskomitee as inspekteur vergesel het, al hou my vrou niks daarvan dat ek ekstra werk op my moet neem nie. Dit was vir my 'n besondere ondervinding en 'n eer om met mevv. G. Rissik en S. E. Burg en mnr. A. P. Cronje, kenners op hierdie gebied, die skooltuine te kon besigtig. Al was ek hoofsaaklik die motorbestuurder en al het een van die hoofde my aan die begin met misnoeë as 'n handelsreisiger aangesien, is ek dankbaar vir die ondervinding.

Mnr. Steyn, die Hoof, het vir my 'n paar notas gegee en het die ontwikkeling van die kind in vier aspekte verdeel. Mnr. Koen, die Adjunk-direkteur, het in die jongste uitgawe van die T.O.-blad dit in die volgende vier verdeel: die liggaam, die verstand, die sosiale en die geestelike. Die skooltuin en omgewing het te doen met die sosiale. Dit staan soos 'n paal bo water dat die verfraaiing van die skoolterrein 'n sterk invloed op die kind het. Almal het byvoorbeeld gemerk dat waar in vroeër jare geen blomtuine by sekere opstalle was nie, die seuns en dogters wat van so'n skool, veral kosskool, terugkeer, iets aan die saak doen en eerlang kon tuintjies by die wonings opgemerk word.

Hoofde, onderwysers en leerlinge het eer van hulle werk. Dit is veral verblydend dat veel aandag aan ons eie — ons eie bome, struike en blomme — bestee word. Namens die Departement is dit vir my aangenaam om die Pretoria-Tuineskool wat weer die eerste plek, en die Rachel de Beer en Wonderboom-Suid skole wat beide die tweede plek verower het, hartlik geluk te wens. Mnr. Steyn, Hoof van eersgenoemde, is 'n werklike kenner van ons inheemse bome en struike. Ek wens ek had die kennis. Al die ander skole word gelukgewens vir die gees van kompetisie terwille van die saak en nie terwille van die prys nie.

Die komitee wat met die beoordeling belas was, het egter gevind dat daar skole is wie se natuurlike ligging hul 'n groot voorsprong bo ander gee. Ook is moderne geboue baie meer oordeelkundig geplaas en leen die gronde hul baie beter vir skooltuine. Derhalwe word die Genootskap Oud-Pretoria gevra om oorweging te verleen daaraan om twee kompetisies te hê — een vir die ou tipe skole en 'n ander vir die meer moderne. Ons verwelkom kompetisie maar tussen naastenby gelykes. Of moet ons die liggewig bokser ook maar met die swaargewig een laat kompeteer?

Ook het ons vier beoordelaars gewonder of daar nie leiding aan hoofde kan uitgaan wat die doelstellings met skooltuine en gronde van 'n opvoed-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

kundige kant beskou, moet wees nie. 'n Beoordeling kan alleen gesond wees as dit gemeet word volgens bepaalde doelstellings. Die beplanner van 'n stad se park beoog heeltemal iets anders as die een wat 'n skool se tuine en velde moet uitlê. In alle nederigheid en beskeidenheid het ons vier ons mening aan die Genootskap Oud-Pretoria meegedeel.

Ons wil u Genootskap bedank en gelukwens met die werk wat u in hierdie rigting doen en vertrou dat u daarmee sal voortgaan en meer steun van die skole verkry.

— W. C. R. BÖHMER.

---

*The Mayor of Pretoria, Councillor L. J. van den Berg, presenting the prizes to the winners of our Primary Schools Garden Competition in December,* 1958, *referred to . . . .*

## PARTICIPATION BY OUR ENGLISH MEDIUM SCHOOLS IN THE ANNUAL SCHOOL GARDENS COMPETITION

Mnr. die Voorsitter, Dames en Here!

Laat my toe om, in die eerste plek, waardering te betuig vir die vriendelike uitnodiging wat u aan my gerig het om saam met u hier te wees. Ek het dit baie graag aanvaar omdat dit my eerste geleentheid is om in die hoedanigheid van Burgemeester direk met ons skole kennis te maak. So 'n kennismaking is noodsaaklik vir enigiemand wat belangstel in ons stad, en nog noodsaakliker vir enige mens wat 'n direkte verantwoordelikheid in verband met die stad se ontwikkeling dra.

Gepaard hiermee gaan die feit dat ons vandag 'n baie goeie ekskuus vir hierdie byeenkoms het, naamlik die toekenning van pryse. Dat hierdie pryse vir toekenning beskikbaar is, is te danke aan die inisiatief van die Genootskap Oud-Pretoria by wie die blink gedagte ontstaan het om so 'n skooltuinprysvraag te organiseer. So 'n prysvraag behoort ondersteuning te vind veral in 'n stad soos Pretoria wat op een stadium in sy geskiedenis die bynaam „Stad van Rose" gedra het. In die omstandighede kom dit

**E. SCHWEIKERDT (PTY.) LTD.:** FINE ART DEALERS AND PUBLISHERS, QUEEN STREET, PRETORIA.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services






Digitised by the University of Pretoria, Library Services

my vreemd voor dat net dertien skole vir hierdie prysvraag ingeskryf het. Al heet ons vandag ook die „Stad van Jakarandas", is ons tog nog altyd 'n stad wie se inwoners hulle tuine en die natuur in die algemeen baie lief het.

'n Tuin is vir my altyd 'n vertoonvenster waarin jy die eienskap van die huisbewoners baie duidelik kan sien Dieselfde geld van 'n skool. Wanneer ek by 'n skool met 'n mooi, skoon en netjiese tuin verbyry — daar is gelukkig baie in Pretoria — voel ek onmiddellik baie opgeruimder en meer tevrede.

With regret I learnt that no English-medium school had entered this competition. Why, I do not know. May I, however, plead with those who are interested in gardening to take part in future. Pretoria is as proud of and grateful for the role played by English-speaking citizens, as it is in the case of the Afrikaans-speaking, both in the past and at present. I would urge the schools concerned to regard participation in this competition as an activity extending the scope of their co-operation in building our city. I also hope that in future more Afrikaans-medium schools will enter.

Die eerste prys in vanjaar se wedstryd is deur die Pretoria-Tuine Laerskool verower, wat ook een van verlede jaar se pryswenners was.

Vanjaar se tweede prys is aan die Rachel de Beer- en die Wonderboom-suidskool gesamentlik toegeken.

Ek will hierdie pryswenners hartlik gelukwens en die hoop uitspreek dat hulle met hul goeie werk sal voortgaan.

Dit is nou met genoeë dat ek die pryse sal oorhandig.

— L. J. VAN DEN BERG.

Die Genootskap Oud-Pretoria se Wisselskild vir Laerskole. *Die wisselskild word jaarliks deur die Genootskap Oud-Pretoria uitgeloof aan die Pretoriase Laerskool met die mooiste skooltuin. Die sierlike skild van witstinkhout met 'n pragtige relief in silwer waarop verskillende inheemse plante- en blomsoorte afgebeeld is, vertoon rankrose in die buitenste sirkel — lg. om ons te herinner aan die outydse rankroos uit die dae toe Pretoria as die „Stad van Rose" bekend gestaan het.*

*Die ander inheemse plante wat op die skild aangetoon word is die volgende: Bo in die middel is eerstens 'n* roos; *dan volg kloksgewys*: 2. mispel; 3. Stamvrug; 4. Transvaalse suikerbos; 5. appelliefie; 6. varklelie/varing; 7. nastergal; 8. wilde peer; 9. suurpruim; 10. moepel en 11. sand- of grysappel.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

*Na aanleiding van 'n gedagte wat mnr. Böhmer in sy toespraak uitgespreek het i.v.m. leiding aan hoofde m.b.t. die opvoedkundige doelstellings van skooltuine en -gronde, het ons mnr. A. P. Cronje gevra om iets te skrywe oor . . . . .*

# Die Opvoedkundige Doelstellings van die Skooltuin

DAAR is wetenskaplikes en navorsers wat vandag beweer dat as gevolg van die gebrekkige kennis van, en liefde vir die bodem sommige vroeëre beskawings ten gronde gegaan het. Ons kan dus begryp waarom die Onderwys en Opvoeding so besorg is oor wat met ons grond vandag en in die toekoms gaan gebeur.

Om egter met welslae op te tree teen die dinge wat die behoud van ons bodem bedreig, is die morele steun van die hele bevolking noodsaaklik. Om hierdie steun te kry, begin ons weer in ons skole, want die kind van vandag is die volk van die toekoms. Nie net deur middel van die Onderwys word 'n begin gemaak nie, maar ook deur ander organisasies en verenigings. Daar behoort dus 'n koördinasie tussen die Onderwys en organisasies te wees om uiteindelik positiewe sukses te behaal.

Die vraag is nou, waar om te begin? Wel, die naaste aan die Onderwys en die kind is sy onmiddellike omgewing, t.w. die skooltuin. Op praktiese wyse kan die kinders saam met die onderwysers die beplanning en uitlê van 'n ideale skooltuin aanpak. Alle faktore wat hiermee saamgaan kan tesame in aanmerking geneem word, o.a. die ligging van die grond, die grootte, watervoorsiening, soort grond, soorte grasse, blomme, struike en bome. Die kind word dus in aanraking gebring met die werklikheid om d.m.v. eie ervaring, belewing en aanskouing die regte begrippe en liefde te ontwikkel om later deur logiese redenering, analise en ordening tot eie gevolgtrekkings en keuses van die hoogste waardes te kom.

Watter doelstellings word nou met die Skooltuin beoog of nagestrewe?

(i) **Die Godsdienstige :**

Deur middel van die Skooltuin, wil ons die kind meer onbewus leer om eerbied te hê vir sy Skepper. 'n Gevoel van bewondering en eerbied vir die komplekse aard van die natuur en die uitgestrektheid van die heelal en sonnestelsel kan lei tot die bewondering van die Skepper. Deur te wys op die klein saadjie, wat skynbaar dood is, dog onmiddellik ontkiem, sodra omstandighede gunstig is — alles en nog meer laat die mens sy nietigheid besef. Alles sal saamwerk om die gevoelselement te versterk en te veredel en *nie* net die kenniselement nie.

(ii) **Die Etiese :**

Om 'n liefde en belangstelling by die kind te wek en 'n doelbewuste strewe na die behoud en verbetering van sy eie omgewing en die beskerming en veredeling van plante, te bewerkstellig. Daar moet by die kind 'n innerlike drang ontstaan om te *beskerm* en



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

dit kan gedeeltelik bewerkstellig word deur die kind verantwoordelik te laat wees vir die versorging van 'n deel van sy Skooltuin. Opvoeders behoort opbouend in hierdie rigting in skole werksaam te wees.

(iii) **Die Estetiese :**

Die kind moet reeds vroeg kennis maak met die verskillende skeppingsprodukte van God om dit te kan raaksien, bewonder, geniet en waardeer. Blomme, kleure en die musiek van die veld het 'n wonderlike kalmerende invloed op die mens, net soos musiek en stemme van mense. So kan in die Skooltuin kunsvorme geskep word wat die lewe van die kind aangenamer en voller maak.

(iv) **Die Praktiese :**

Daar moet doelbewus by die kind 'n positiewe gevoel gekweek word om arbeid te beskou as *edel.* Verder — deur ekonomiese produktiwiteit, verbeterde werkmetodes en selfwerksaamheid kan dit lei tot eie praktiese voordeel en waarde.

By die praktiese, kan ons die higiëniese waarde noem, nl. dat in 'n gesonde liggaam 'n gesonde gees woon!

(v) **Die Sosiale of Maatskaplike :**

Die mens is en bly 'n sosiale wese en d.m.v. die Skooltuin kan daar 'n maatskappy-in-klein ontwikkel. Waardering vir wat elkeen doen; opbouende en positiewe kritiek kan lei tot wedersydse voordeel. Verder word regte gesindhede, ideale, ambisies, begeertes en smaak aangekweek, wat tog die spil is waarom baie sosiale waardes draai.

Die kind sal ook dan mettertyd leer dat die welsyn van die maatskappy afhanklik is van die welsyn van die indiwidu. Elkeen moet dus ontwikkel tot 'n selfstandige verantwoordelike wese sodat hy nie 'n las, maar 'n bate vir die maatskappy sal wees.

(vi) **Die Opvoedkundige :**

Die Opvoedkundige doelstelling sluit natuurlik alle vorige doelstellings in; waar daar nie net gestrewe word na die opvoeding van enkele aspekte nie, maar die *persoonlikheid van die kind as geheel.* Daar moet doelbewus en opsetlik daarna gestrewe word om d.m.v. die Skooltuin die regte gesindheid by die kind te laat ontstaan teenoor die natuur, mede-mens (mede-skolier) en God — dan eers sal die Onderwys geslaag wees.

Net soos die skoolvlag, skooldrag en skoollied die trots van elke kind behoort te wees, so moet die Skooltuin ook elkeen se trots en vreugde wees.

Indien in bogenoemde doelstellings geslaag word, sal dit uiteindelik lei tot 'n verrykte landelike lewe, 'n wakkere, tevrede en progressiewe bevolking en 'n doeltreffende landboubedryf!

— A. P. CRONJE.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# Uit die Briewe van Arnold Theiler.

IV (VERVOLG)

THEILER se besoek aan Europa het die briefwisseling met sy ouers onderbreek. Daar bestaan slegs 'n paar korter briewe wat hy uit verskillende stede van Europa geskryf het, 'n telegram of twee, en dis al. Dit toon ons weer hoe onbevredigend dit is om 'n verhaal uit slegs een bron te probeer saamstel. Hier het ons nou een van die belangriktse tydperke uit die lewe van Theiler en daar bestaan byna geen gegewens daaroor nie. Na agt jaar het hy weer sy ouers, broers, suster en talle jeugvriende gesien, weer die vertroude Switserse omgewing. Watter indruk dit op hom gemaak het, daaroor kan ons slegs gis. En dan die ondervinding om as wetenskaplike wat reeds presteer het, tussen vakgenote op die veeartsenykongres op Baden-Baden te beweeg. Behalwe dit het hy 'n tydlang aan die Pasteur-instituut in Parys gewerk en verskeie limfinstitute elders in Europa besoek; in sy briewe is daar melding van Berlyn, Dresden, München en Keulen. Dit alles moes vir hom ryk ervaring en vermeerdering van kennis beteken het. Maar soos reeds gesê kan hieroor nie veel besonderhede gevind word nie, altans nie uit sy briewe nie.

Gelukkig bestaan daar 'n aantal briewe van sy vrou, Emma, wat sy gedurende sy afwesigheid uit Pretoria geskryf het, nie aan haar man nie, die bestaan ongelukkig nie meer nie, maar aan sy ouers. Treffend is 'n versoek wat sy op die vooraand van sy vertrek aan Theiler se vader rig, nl. om aan die res van die familie bekend te maak dat Arnold agt jaar van te vore sy een arm verloor het. Na al die jare het nog net die vader daarvan geweet. Sy doen die versoek om Theiler self lastige vrae en 'n onaangename atmosfeer te bespaar. „Ek weet wat ek u vra, Vader, is nie maklik nie, maar die komende hereniging en die vreugde sal in 'n sekere mate u oor die moeilikheid heen help." Sy sou graag saam gegaan het, maar die kinders is nog te klein.

Die enkele kort briewe wat Theiler nog voor sy vertrek skryf getuig van 'n opbruisende geesdrif en 'n blye verwagting. Enkele weke voor sy vertrek is hy op 'n sending na Natal gestuur vanwaar hy terugkeer met 'n opdrag om ook Natal op die kongres te verteenwoordig. „Jy kan maar sê ek het die vertroue van die hele Suid-Afrika." Dit skryf hy op 7 Mei. 'n Week later vertrek hy. En op 2 Junie volg 'n telegram aan sy ouers vanuit Engeland om sy veilige aankoms en die spoedige weersiens in Switserland te meld.

Wat sy bewegings hierna was is nie presies vas te stel nie. Blykbaar was hy gedurende Julie vir 'n tydlang in Parys aan die Pasteur-instituut werksaam waar hy besonder vriendelik ontvang is. Daarna word daar terloops melding gemaak van 'n besoek aan prof. Zschokke in Zürich en besoeke aan verskeie ander stede. Die kongres in Baden-Baden het



Digitised by the University of Pretoria, Library Services



*Mev. Emma Theiler (gebore Jegge) afgeneem saam met 'n vriendin, mev. Le Febre en hulle kinders. Heel regs staan dr. Gertrud Theiler, verbonde aan die personeel van Onderstepoort, dan volg die oudste seun van dr. en mev. Theiler (tans oorlede), en voor langs sy ma staan dr. Max Theiler, verbonde aan die „Rockefeller Institute" in Amerika. Heel links staan 'n ouer suster van dr. Gertrud Theiler.*

Foto ontvang van dr. Gertrud Theiler.

van 2 tot 7 Augustus plaasgevind maar geen besonderhede is daaroor bekend nie.

Gaandeweg het die oorlogsgerugte sy Europese besoek meer en meer vergal. In die briewe aan sy ouers bly hy opgewek, skryf lughartig oor die moontlike oorlog, maar dit sou hom tog heelwat kommer besorg het.

Ook in Pretoria het die angs vir die komende oorlog gaandeweg alle ander belangstelling verdring. Van Emma Theiler het ons 'n paar insiggewende briewe. Op 10 September, 'n maand voor die uitbreek van die oorlog, lug sy haar onrus oor die vraag of Theiler nog die land sal kan binnekom as hy teen die einde van die maand in Engeland skeepgaan soos die plan was. „Soos sake nou staan kan oorlog elke oomblik uitbreek." As 'n sorgsame huisvrou het sy alreeds voorrade begin inslaan.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Die pryse het in Johannesburg alreeds begin styg Op een na sal al die assistente in die laboratorium onmiddellik aansluit as die oorlog uitbreek.

Volgens haar het die Engelse 'n slegte tyd uitgekies om die oorlog te begin. Die somer is op hande met sy ontsettende donderbuie en riviere in vloed, sy malaria en perdesiekte. „Ek sou graag wil weet hoe die oorlog gaan eindig." Die laaste brief wat sy van Theiler ontvang het toon dat hy baie bedruk was. „Hoe jammer dat al die oorlogsgerugte sy verblyf in Europa moet versuur." Die verwagting is dat die beslissing nog die volgende week sou val.

Maar met haar volgende brief van 17 September het die beslissing nog nie geval nie. Tog is die algemene opvatting dat die oorlog onvermydelik is. Sy sien uit na haar man se terugkoms. Sake het tydens sy afwesigheid bietjie deurmekaar geloop. Die plaasvervangende veearts was so onbekwaam dat hy ontslaan is. Nou moet die assistente sake behartig so goed as hulle kan.

Teen 24 September het sy eindelik sekerheid dat Theiler die 23ste sou skeepgaan op die „Norman."

In Pretoria was sake toe nog maar soos voorheen. Hulle verkeer nog in die onsekere en die spannende afwagting is nog daar. Nog 'n antwoord van Engeland word die volgende dag verwag. „Het die Engelse die moed om die oorlog aan te knoop?" Die Boere is gereed. Die ou gewere is vir nuwes ingeruil, die Mauser, 'n standaard-wapen. Die artillerie staan gereed. Die goewerment het groot voorrade aangeskaf. Op alle grense is proviandwaens vir artillerie en burgers. Ambulanskorpse is alreeds gevorm en gewone mense het waens, beddens, komberse, ens. aangebied. Ongeveer 200 Hollanders het hulleself aangebied vir polisie- en nagwag-dienste. Die N.Z.A.S.M. bied sy hele personeel aan. Pretoria is nog baie stil en geoordeel na die daelikse lewe sal jy nie dink dat 'n donker wolk oor die land hang nie. Indien oorlog uitbreek sal sy in Pretoria bly want „sake sal na een of ander kant beslis wees voor die Engelse Pretoria bereik."

Terloops merk sy op dat dit winderige weer is en reeds so warm soos in die somer. 'n Winderige warm dag in September, en 'n vrou op die buitewyke van Pretoria lug haar angste oor 'n komende oorlog — angste wat so oud as die geskiedenis self is. (Destyds gewoon op hoek van Van Wielligh- en Borderstraat.—Red.)

'n Brief van 'n week later, 1 Oktober, toon maar net dat die spanning intussen 'n paar grade gestyg het. Nog steeds is die refrein: „Dit lyk of die beslissing spoedig sal val en dat oorlog onvermydelik is . . . . Gedurende die laaste paar dae is elkeen opgeroep wat twee bene het om op te staan en wat 'n geweer kan vashou." Daar is 'n gerug dat daar 20,000 Boere op die grense gereed staan en dat die oorlog binne twee of drie dae sal

**JOHNSTON'S LTD.:** PRETORIA'S LEADING FASHION HOUSE, 261 CHURCH STREET, PRETORIA.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

uitbreek. Van die assistente het twee Switsers alreeds aangesluit, nog drie, Schröder, Von Bergen en Meyer, sou die volgende dag gaan. Alleen Favre bly agter. Pretoria is 'n dodestad. Daar is 'n gerug dat die president ook na die gevegsfront wil gaan. Almal is geesdriftig, die Boere is voorbereid en seker dat hulle gaan wen. „Ons sal wag en sien."

Haar mening is dat die oorlog waarskynlik nie lank sal aanhou nie. Sy is nie verontrus nie. Indien die oorlog ooit Pretoria bereik sal sy na Sandoz se plaas gaan, so uit die weg geleë dat sy daar heeltemal veilig sal wees. Sy vra hulle dus om nie verontrus te wees nie, self al ontvang hulle vir 'n geruime tyd geen briewe nie.

Op 7 Oktober skryf sy weer hoewel sy nie seker is of die brief die volgende dag nog na Kaapstad aangestuur sal word nie. Die atmosfeer in Pretoria was teen die tyd van so 'n aard dat 'n mens nie weet wat om te glo nie. „Elke dag word die mees teenstrydige gerugte rond vertel en ek is bly dat ek buite die dorp woon sodat ek nie na al die onsinnige gepraat hoef te luister nie." Sy het 'n brief van een van die assistente, Von Bergen, van Volksrust gehad waar almal geesdriftig vir die Boere is en die begin van die oorlog afwag. Sy verwag dat Theiler oor 'n paar dae in Kaapstad voet aan wal sal sit en hoop dat hy nog met die trein deurgelaat sal word. Anders moet hy oor Lourenço Marques reis wat nog twee weke sal kos.

Hoe dit met Theiler self intussen gegaan het, 'n enkele brief wat hy op 3 Oktober aan boord skryf getuig daarvan. Die boot kan vir hom nie vinnig genoeg vaar om by sy gesin te wees nie. Die groot vraag is wat hulle sal verneem as hulle in Kaapstad aankom. Het die oorlog al uitgebreek? Sal dit uitbreek? Tog beskik hy nog oor so 'n rustige gemoed dat hy hom aan nuttige leesstof kan wy en nuwe eksperimente beplan.

Hy reis saam met 'n half dosyn oorlogskorrespondente van verskeie Engelse blaaie, waaronder Melton Prior, bekende joernalis en tekenaar wat ook tydens die eerste Vryheidsoorlog in die land was. Hy was destyds die eerste om „die vredesnuus aan die Boere te bring." Hierdie persone skyn goed ingelig te wees en beweer dat die Britse regering op oorlog besluit het. Niemand aan boord het enige twyfel daaraan nie. Die Britte is natuurlik seker van die uiteinde, maar daar is ander wat dink dat hulle hulle vingers sleg kan verbrand. „Die vooruitsig van oorlog laat my koud hoewel ek weet dat ek saam met die artillerie sal moet gaan. Ek was al in soveel moeilike posisies, dat dit met hierdie een ook sal goed gaan. ‚Kommt zeit kommt Rat'. Die Engelse offisiere aan boord kan my verdra. Siekte of koeëls sal een of ander van hulle wel in Suid-Afrika hou. In werklikheid is dit 'n groot skande om soveel lewens op te offer vir 'n vraagstuk wat sonder bloedverlies opgelos kan word."

---

**SOUTH AFRICAN PERMANENT BUILDING SOCIETY:** PERMANENT BUILDINGS, 200 PRETORIUS STREET, PRETORIA.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Theiler was gelukkig om nog een van die laaste treine na die noorde te haal toe hy Kaapstad aangekom het. Hy arriveer op 13 Oktober in Pretoria. Sy goed moes egter oor Delagoabaai reis aangesien daar geen goederetreine meer geloop het nie en hy blykbaar 'n hele paar kaste met benodighede meegebring het. Die briefwisseling met Europa kon ook oor Lourenço Marques voortgaan.

*(Word Vervolg)* – F. J. DU T. SPIES.

# Someone Had Blundered

TWO months after the British occupied Pretoria in 1900 the Military Governor, Major-General J. G. Maxwell, placed an urgent order in Durban for the purchase of 400 additional buckets for use by the municipal sanitary service. A few weeks later the Military Governor's secretary received a memo from the Ordinance Office, Pretoria which stated that "12 Trucks of rails (iron) have arrived here from Durban . . . It has been suggested that the Military Governor knows something about this: If he does will he please give instructions as the Railway authorities wish the trucks unloaded." The following interchange of notes thereupon took place :—

"Dear Gorringe,

These are I fancy PAILS not RAILS.

Four hundred were ordered up and are absolutely necessary.

This is the first I have heard of their arrival and have ordered the Contractor to have them removed at once.

J. G. Maxwell."

"Dear General,

Rails not pails have arrived and apparently more rails and not pails are coming, so that original order must have been wrong.

Yours sincerely,

G. F. Gorringe."

Meanwhile agitated remarks such as "Someone must offload at *once*. We can't block lines" were appearing on the correspondence. Subsequently a telegram from Natal explained that the original wire reached Durban as "rails." One wonders what happened to the rails and the erring telegraphist!

— A. M. DAVEY.

**DONORS:**

We greatfully acknowledge donations received from Messrs. T. G. Kirkness and Robert Hamilton.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

**Genootskap Oud-Pretoria**
(Gestig: 22 Maart 1948)

**Association Old Pretoria**
(Founded: 22 March, 1948)

**Ons doel:** Om te waak oor die geskiedenis van ons stad en distrik.

**Our aim:** To preserve the past for the future of our city and district.

BESTUUR:

EXECUTIVE COMMITTEE:

*Ere-President* — DIE BURGEMEESTER VAN PRETORIA — *Honorary President.*
THE MAYOR OF PRETORIA.
*Voorsitter* — Dr. W. H. J. PUNT — *Chairman.*
*Ondervoorsitter* — Dr. G. W. EYBERS — *Vice-Chairman.*
*Sekretaris* — Dr. F. J. DU TOIT SPIES — *Secretary.*
*Penningmeester* — Mnr./Mr. G. RISSIK — *Treasurer.*
*Argivaris* — Mnr./Mr. A. M. DAVEY — *Archivist.*
*Redakteur* — Mnr./Mr. H. M. REX — *Editor.*
*Sakebestuurder* — Dr. J. M. H. VAN AARDT — *Business Manager.*
*Lede* — Mej./Miss J. H. DAVIES — *Members.*
Dr. V. FITZSIMONS.
Mnr./Mr. S. F. NAUDE.
Mnr./Mr. J. PRELLER.
*Verteenwoordiger van die Stadsraad/Representative of the City Council:*
Mnr./Mr. L. J. VAN DEN BERG,
*Burgemeester/Mayor.*

Bydraes moet asb. gestuur word aan: Die Redakteur „Pretoriana", Frans Oerderstraat 109, Groenkloof, Pretoria.
Contributions may be sent to: The Editor, „Pretoriana", 109 Frans Oerder Street, Groenkloof, Pretoria.

GEDRUK DEUR VICTORIA DRUKKERY, SWEMMERTRAAT 504, GEZINA, PRETORIA.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services